



SEDERT 1920

STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL | UITGAWE 3 | 2026

FIETSRY ONDER BESTE IN DIE LAND



MEER
HIEROOR
OP
BLADSY 10

REDAKSIONEEL

Marinus Venter

My gunsteling-aanhaling lui: "Die pyn van verwerping is beter as die pyn van spyt-wees." Dit voel altyd makliker om eerder nie te probeer nie as om jousef bloot te stel. Elke Affie het dit al op een of ander vlak ervaar. Dalk was dit 'n mooi meisie met wie jy te bang was om te praat, of dalk was dit die span waarvoor jy nie vir die uitdunne kans gesien het nie, want jy was te bang jy word nie gekies nie. Of dalk was dit bloot net 'n geleentheid wat jy laat verbygaan het omdat 'n moontlike "nee" te ongemaklik sou voel.

Ons kies eerder die sekerheid van niksdoen bo die onsekerheid van probeer, want as jy nie probeer nie, kan jy nie misluk nie.

Verwerping maak seer. Dit is ongemaklik. Niemand hou daarvan om te hoor dat hulle nie gekies is nie, dat die meisie nie belangstel nie, of dat hulle nie goed genoeg was nie. Maar verwerping is 'n oomblik van pyn. Jy hoor "nee", dit maak seer, en uiteindelik beweeg jy aan.

Spyt werk anders. Dit kom later, dikwels wanneer dit te laat is om iets daaraan te doen. Dit is die vraag wat oorbly wanneer die geleentheid reeds verby is: "Wat as ek net probeer het?"

Icarus het gelag toe hy uit die lug tuimel op pad na sy

dood, want hy het geweet dat om te val, hy eers moes vlieg. Die storie word gewoonlik as 'n waarskuwing vertel: moenie te hoog vlieg nie, anders gaan jy val. Ja, Icarus het geval, en die mense het vir hom gelag toe hy val. Maar hulle wat vir hom gelag het, het self nooit gevlieg nie. Dit is dieselfde mense wat later sou wonder hoe dit voel om tussen die wolke te sweef, en spyt sou wees dat hulle nooit probeer het nie.

Miskien is dit juis waarvoor ons op skool die meeste geleenthede kry: om te probeer voordat ons alles weet, om te waag voordat ons seker is, en om soms 'n bietjie ongemak te kies bo 'n leeftyd van wonder oor wat sou gebeur.

Dalk is dit ook wat die *Stroom-op* vir ons wys: stories van Affies, Oud-Affies en onderwysers wat bereid was om te probeer sonder om te weet wat die antwoord sou wees. Mense wat die moontlikheid van 'n "nee" aanvaar het vir die kans op 'n "ja".

Leser, in hierdie derde kwartaal moedig ek jou aan om die pyn van verwerping te omhels. Vlieg te naby aan die son en val, want oor een, vyf, tien of selfs twintig jaar gaan jy die seer van die "nee" vergeet. Wat jy nie sal vergeet nie, is dat jy probeer het! Laat daar lig wees.

Hoor jy die *magtige dreuning*?



Cobus Verster

'n Duisend-vierhonderd broers drom saam op die sementblokke. 'n Magtige dreuning weergalm deur die gange en 'n kreet weerklank oor Pretoria: Die Rooi! Die Geel! Die Groen!

Almal het Affies vir 'n rede gekies – akademie, rugby, koor, debat of enige van die sowat 20 ander aktiwiteite wat by Affies aangebied word, maar al hierdie redes het één gemene deler – ons gees en kultuur. Om as graad 7 te kon ervaar hoe die klanke van *Power* oor Boereplaas trek, het by dié van ons wat bevoorreg genoeg was om dit te kon

beleef, 'n druppel van Affies se spesiale sous gelos. Oor die laaste paar jaar is daar egter 'n afname in die entoesiasme en die kwaliteit van geesvang – dit wat Affies juis so besonders maak.

Vroeër jare was Affie-gees 'n voorbeeld vir die ander Suid-Afrikaanse skole, met liedere van ons eie, soos *Power*, *Halala* en *Boereplaas*. Onlangs is ons "gees-repertoire" egter so afgewater deur onoorspronklike liedjies wat deur al die ander skole gesing word, (soos *Bella Ciao* of *Slippery*), dat 'n mens nie meer kan onderskei tussen wanneer Affies sing en wanneer een van

ons opponente geesvang nie.

Die graad 11-dirigente het dié kwessie in 'n onderhoud by die Affie-spele aangeraak. "Ek wil hê ons graadgroep moet ons merk by Affies maak," was die woorde van Jacques Bouwer oor hul doel vir 2027. Dit is uit dié oogpunt wat elke groep hul matriekjaar moet aandurf: Wat maak ons as matriekgroep anders? Wat laat ons vir die Affie van die toekoms agter? Die matrieks van 2027 het reeds uit hierdie oogpunt na die saak begin kyk toe hulle hul laaste Affie-spele met drie nuwe liedjies, *Loerie*, *Kom jy kuier*

en *Affies se Kultuur*, afgesluit het.

Affies se gees is nog altyd 'n teken van ons trots. Ten spyte van die stelselmatige afname in gees, het dit steeds die potensiaal om Affies die toekoms in te dra. As elke Affie die keuse maak om "in te koop", hierin te belê en hulle alles te gee, sal Affie-gees weer sy plek inneem as die faktor wat onder al die seuns eenheid en trots kweek.

Sonder trots en oorspronklikheid in ons geesvang en liefde vir die instansie waaraan ons almal behoort, sal Affies net nóg 'n skool in Pretoria word.



'N NUWE BLAADJIE VIR DIE STROOM-OP



Die nuwe redaksie vir 2026/2027 het met groot geesdrif weggespring om die laaste uitgawe van 2026 aan almal by Affies te bring. Agter in die swembad is Ron An, Bjorn Pendlebury (adjunkredakteur), Hardus Ferreira, Marinus Venter (redakteur), Cobus Verster (adjunkredakteur), Braden Koegelenberg en Willem Badenhorst. Voor is Gerdus Coetzee, Ettiene Buitendach, Samuel Robertson, Stian du Plessis, Hein Barnard en Frederick Roux. Nie op foto nie: Schalk du Toit, Christiaan Jacobs en Tristan Joubert

Vir die *Rekord*

Marinus Venter

Agter elke skoolkoerant lê daar stories wat nooit die koerant haal nie. Die storie van die persoon agter die skerms, wat sorg dat elke prestasie, boodskap en afskeid iewers 'n plekkie het. Tannie Annatjie Ferreira se eie storie is die afgelope twaalf jaar deel van dié verhaal.

'n Mens besef nie altyd watter rol jy in ander se stories speel terwyl jy besig is om jou eie te leef nie. Soms is dit eers wanneer jy omblaai na die volgende hoofstuk dat jy besef hoeveel van die vorige een jy help skryf het.

Vir tannie Annatjie (soos die *Stroom-op*-manne haar ken) was Affies veel meer as net 'n

werkplek. Dit was die atmosfeer en bowenal die kinders wat haar hier laat tuis voel het. Haar liefde vir die leerders was veral tydens *Stroom-op* se redaksievergaderings duidelik, want sy het altyd gesorg dat daar iets spesiaal of lekkers te ete is, 'n klein gebaar wat baie van haar omgee vertel.

Die *Stroom-op*-redaksie en elke Affie wie se pad hare gekruis het, sê dankie. Dankie vir die werk agter die skerms, vir die omgee vir die klein dingetjies en vir die twaalf jaar waarin Tannie gehelp het om ander se stories te vertel, sonder om ooit die kollig van hulle af weg te neem.



Me. Annatjie Ferreira saam met die 2016/2017-redaksie.

'n SES vir AHS!

Affies spog nou amptelik met 'n nuwe krieketklubhuis, waaroor die skool, die krieketspelers sowel as die toeskouers baie opgewonde is. Die nuwe gebou is reeds in gebruik.

Volgens mnr. Sakkie van der Walt (adjunkhoof: Geboue en Terrein) het die krieketklubhuis vir 'n geruime tyd reeds aandag en instandhouding nodig gehad en danksy 'n donateur kon dié projek vroeër as wat beplan is, aangepak en afgehandel word.

Mnr. Pieter Cronjé (hoof: Krieket) sê op sy beurt dat die hele gebou en veral ook die bovertrek 'n ongelooflike nuwe spasie is, nie net vir krieket nie, maar vir die skool in geheel. "Dit is ideaal vir toeskouers sowel as vir funksies. Die kleedkamers vir spelers is tydens dieselfde projek opgeknop, wat ook 'n groot stap vorentoe is."



Foto: Billy Brown

'N AFFIE-LEGENDE GROET! Mnr. Sakkie tree af na 37 jaar!



Me. Elmarie van Loggerenberg en mnr. Sakkie as jong onderwysers in die vroeë negentigs.

Agter die lessenaar in sy kantoor

Na 37 jaar se onbaatsugtige diens aan die skool het mnr. Sakkie van der Walt, 'n Affie-legende, op 5 Oktober afgetree. As 'n knap, sistematiese administrateur en een van die suksesvolste rugbyafrigters in Affies se geskiedenis, laat hy 'n onuitwisbare spoor in die skoolgemeenskap.

Mnr. Van der Walt het as jong onderwyser in 1990 Metaalwerk en Bedryfskennis gegee en later jare Tegnieke Tekene wat in onlangse jare na Ingenieursgrafika en Ontwerp verander is.

Hy het diep spore op die sportveld getrap en word beskou as een van die beste rugbyafrigters in die skool se geskiedenis.

Saam met dr. Karel Kriek het hy as mede-afrigter van die Witbulle in 1999 die span gelei om die Beeld-trofee én die Super 12-reeks te wen.



Saam met Witbul Eugene Marx in 1996, toe Affies onoorwonne was.

Die koerant Beeld het hom en dr. Karel Kriek as die "Afrigters van die Jaar" bekroon, in 'n seisoen wat tot in daardie stadium as die



Oud-Springbok Fourie du Preez het mnr. Sakkie tydens die saalafskied bedank vir die rol wat hy in sy lewe gespeel het en sy Springbokbaadjie aan hom oorhandig.

suksesvolste in die skool se geskiedenis bestempel is.

Vanaf 2020 het mnr. Van der Walt as Adjunkhoof: Terrein en Geboue veral gefokus op die skool se infrastruktuur. In hierdie rol het hy 'n reusebydrae gelewer in die beplanning en koördinerende van die skool se groot bouprojekte. Hy het ook deurlopend toesig gehou oor die algemene assistente van die skool en het saam met sy kollegas, mnr. Tobias Lubbe en Handri Bezuidenhout, verseker dat die skoolterrein daagliks in 'n uitstekende toestand is.

Mnr. Van der Walt het aan Stroom-op gesê dat hy die bedrywige dae by Affies gaan mis en dat hy veral ook na die mense hier gaan verlang. Hy sien egter ook daarna uit om meer te reis en die lewe saam met sy vrou, Elsabe, kinders en kleinkinders te geniet.

Nuwe hoofleiers op koers



Affies se nuwe hoofleiers het die leiers op 20 Augustus by hul voorgangers oorgeneem. Van links op die foto is Rossouw Scheepers (onderhoofseun: Sosiaal), Emil Els (onderhoofseun: Kultuur), Bjorn Pendlebury (hoofseun), Dihann Janse van Rensburg (onderhoofseun: Akademie en Dissipline) en Dawie Barnard (onderhoofseun: Sport)


... koshuisleiers ook aangewys



Rico du Plessis (onderhoofseun) en Rossouw Scheepers (hoofseun) is in Augustus as leiers vir 2027 aangewys.

In Memoriam

Kéan Botha (graad 12) is 'n dag ná sy 18e verjaarsdag op Sondag, 4 Oktober, aan kanker oorlede. Kéan was 'n kranige hokkiespeler en is nog in 2025 as die mees belowende speler in die eerste span aangewys. Affies betuig sy innige simpatie met die Botha-gesin en bid hulle vertroosting toe.



Affies gaan soek **diamante!**



Die graad 10-Geografieleerders (56 seuns) het die Cullinan-diamantmyn in September besoek. Die myn is die grootste in sy soort in die wêreld en het onlangs ook die grootste bloudiamant in die wêreld opgelewer. Dié yslike edelsteen is waarskynlik meer as 150 miljoen dollar werd. Volgens me. Riana Raath het die seuns die proses wat hier gevolg word baie interessant gevind. Die rots word ondergronds losgeskiet, na bo vervoer (foto bo) en dan "gepars" om die diamante op te spoor.

COBUS wen nasionale IGO-kompetisie

Cobus Verster (graad 11) het Affies se naam tydens die vakansie by 'n nasionale vaardigheidskompetisie vir IGO-leerders (Ingenieursgrafika en Ontwerp) hoog gehou. Dié kompetisie word jaarliks deur die Departement van Basiese Onderwys en die Sasol Kagiso Trust aangebied. As wenner kry Cobus onder andere die geleentheid om 'n aanlyn kursus in Argitektuur ter waarde van R49 000 te volg.

Dit volg nadat hy reeds op 12 September as wenner by die Gauteng Departement van Onderwys se Provinsiale IGO Vaardigheidskompetisie by die John Orr Engineering School of Specialisation uit die stryd getree het.

"Ons het twee toetse geskryf," vertel Cobus. Die eerste een was twee vryhandsketse wat baie ooreengestem het wat ons in graad 10 vir 'n assesseringstaak moes doen en waar ons 'n voorwerp moes verbeter. Die tweede toets was minder van 'n skok op die



gestel, want die skets was 'n spieëlbeeld van 'n relatief komplekse isometriesse tekening wat ons vroeër vanjaar in die klas gedoen het.

"Dit was 'n lekker ervaring, want ek het nuwe mense ontmoet wat in dieselfde dinge as ek belangstel.

"Ek wil baie graag eendag 'n graad in Argitektuur verwerf en ek hoop dat my deelname en die kursus wat ek kan bywoon my sal help om uiteindelik vir dié kursus toelating te kry."

Meester Deysel leer die vólgende geslag Affies – boonop in dieselfde klaskamer!



Oud-Affie en geliefde oud-Affie-onderwyser, mnr. Francois Deysel (matriek 1970) neem tans waar in die Afrikaans-departement. Dié Affie-legende was selfs ná sy aftrede in 2018 steeds by die skool betrokke. Hy hanteer die skool-parkering tydens groot rugbywedstryde op Loftus en help ook uit by 1920. Hy help ook nog met rugby-afrigting vir o.14E-tot H-spanne.

Die skool het hom genader

om aan die akademiese kant hand by te sit nadat Afrikaans-onderwyser, mnr. Francois Schuld, uit die onderwys getree het.

Wat sy tydelike terugkeer nou ekstra spesiaal maak, is die feit dat die pa's van nie minder nie as agt van die graad 8's in sy klas op dieselfde skoolbanke en in dieselfde klaskamer voor hom gesit het.

Op die foto bo is hulle saam met mnr. Deysel (met hul pa's se naam en matriekjaar tussen hakies) voor die klas

afgeneem.

Voor sit Marno Cillie (Marcay 1999), mnr. Francois Deysel (self in matriek in 1970), Andries Benadie (Koos, 2000) en Mason Willemse (Robbie, 2000). Agter is Ethan Raath (Martin, 2002), Xander Boonzaaier (Hardi, 1990), Divan Jansen van Rensburg (Robbie, 1998), Jason Steyn (Dawie, 2002) en Caleb Jordaan (Jurien, 1995). Will Room (Wally, 2001) was afwesig toe die foto geneem is.

PERSONEELNUUS



Die hoof, **mnr. Peregrine Joynt**, het in September sy Meestersgraad by die Universiteit van Pretoria verwerf. Sy studie het gegaan oor strategiese leierskap en akademiese prestasie in sekondêre skole.

Die gevolgtrekking was uiteindelik dat sterk leierskap, toegewyde onderwysers en 'n gemeenskaplike doelwit meestal tot sukses in skole lei. Prof. Irma Eloff was sy promotor.

Mnr. Jaco van Staden

het sy doktorsgraad in Musiek (Uitvoerende Kunste, Franse horing) by die Universiteit van Pretoria onder leiding van prof. Clorinda Panebianco ontvang.



Affies het die afgelope tyd verskeie nuwe akademiese personeellede verwelkom. Die egpaar, **me. Michelle en mnr. Zander Erasmus**, het vanuit KwaZulu-Natal by AHS aangesluit en sal die leerders in onderskeidelik Wiskunde en Lewensoriëntering onderrig.

Oud-Affie (2011), **mnr. WJ Strydom** het aan die begin van die vierde kwartaal as LO en FLO-onderwyser by Affies aangesluit.



Sterkte met die **eksamen!!!**

Die graad R-seuntjies van Laerskool Anton van Wouw het die matrieks van 2026 op Lentedag kom besoek om hulle sterkte toe te wens met die komende eksamens. Nadat hulle 'n liedjie gesing het, het hulle aan elke matriekleider 'n pen uitgedeel. Op die foto links ontvang Ettiene van der Merwe sy pen van een van die klein mannetjies. Agter hulle sit Lourens van Niekerk.

KORTLIKS

- Ses Affie-spanne het in Augustus aan die streekuitdunne van die Wêreld Robotika Olimpiade deelgeneem. Quinn Pollard en Stean Visser (albei in graad 11) het 'n goue medalje verower. Die span van Milan van den Berg, Liam Venter en Quintin de Munnik (almal in graad 8) het op hulle beurt 'n bronsmedalje ingepalm. Vier spanne het uiteindelik in September aan die nasionale eindronde deelgeneem – die meeste nóg. (deur Gerdus Coetzee)

MET DIE LAASTE **KLOKSLAG**

Samuel Robertson

Na amper vyf jaar op die geliefde Affie-plaas het die tyd vir die matrieks aangebreek om stil te staan en terug te kyk op die byna 1 000 dae se herinneringe. Met 'n mengsel van dankbaarheid, weemoed en trots het hulle hul alma mater gegroet.

Die dag het met die tradisionele klokluiseremonie afgeskop, waarna 'n besondere kerkafsluiting die oggend afgerond het. Dit was een van die laaste geleenthede vir die matrieks om vir 'n oomblik stil te staan by die plekke wat hul

skooljare gevorm het. Met rooi-geel-groen-harte kan hulle uiteindelik die wêreld instap – met die spore van die Boereplaas, die gedreun van die pawiljoen en die herinneringe aan hul tyd as Affies wat hulle saamneem.



Logan Armstrong

Foto: Niel Coetzer



Hardus Ferreira en Peter Ferreira, junior winners van Con Spirito

Juniors re(a)geer debat landswyd

Frederick Roux

Nie minder nie as 13 debatspanne het aan die einde van September aan die Con Spirito Debatskompetisie se nasionale finaal in die Wes-Kaap deelgeneem.

Die span van Hardus Ferreira en Peter Ferreira (albei in graad 9) het die junior kompetisie gewen. Paul-Ralph Smit en Jay-Dee Nel (albei in matriek) eindig vyfde in die senior afdeling. Affies word by dié kompetisie ook as die voorste debatskool in die land aangewys.

Die debatteerders by AHS het ook gedurende die jaar deelgeneem aan kompetisies van die ATKV en Dink of Sink, waar hulle uitstekend presteer het.

By die ATKV is die span van Hardus Ferreira, Reuben Loubser en Hendrik Botes as die beste juniors in die land aangewys terwyl Divan van der Westhuizen die prys vir die Beste Taalgebruiker ontvang het. In die senior afdeling van Dink of Sink het die span van Alexander Coetzer Kristensen, James Roets en Paul-Ralph Smit na die finaal deurgedring en het tweede uit vyftig senior spanne geëindig.



'n Affie is soos 'n ysberg ...

Christiaan Jacobs

Soos wat die gewone skoolroetine begin stil raak het, het 'n mengsel van braairook, kreatiwiteit en 'n kaleidoskoop van talent by die jaarlikse Affie-Artes kop uitgesteek! Die Artes het weer gewys dat die Affie-manne meer kan doen as om net op die rugbyveld te oorheers en dat



Riaan Agenbacht

die Affies, nes 'n ysberg, meer talent het as wat met die eerste oogopslag sigbaar is.

Wat die Affie-Artes so besonders maak, is dat daar regtig iets vir álmal is. Die braaiers wat aan Braaimeester deelgeneem het, moes vanjaar hulle dikste baadjies uithaal om die koue te trotseer, maar selfs dit kon nie hul

entoesiasme demp nie. Die geure het so lekker oor die terrein gehang dat 'n mens sommer lus gekry het om nader te staan en deel te wees van die pret. Die potjiekoskompetisie was net so 'n treffer, met spanne wat hul oumas se geheime resepte met groot sukses op die proef gestel het. Ander spanne het egter besluit om nie hul oumas se resepte te volg nie en moes op die harde manier uitvind dat jy nie beesstert vir nét 'n uur en 'n half kan laat prut nie ...

Die Artes het egter nie net oor kos gegaan nie. Die Vreemde Tale-deelnemers het gewys hulle kan meer sê as net "bonjour" en "ola", al was daar hier en daar 'n aksent wat 'n mens lekker laat lag het. Dans het die energie behoorlik opgejaag, toneelspel het vir skaterlag- en dramatiese oomblikke gesorg en vierkantkuns het bewys dat selfs 'n eenvoudige idee iets besonders kan word as 'n Affie dit aanpak. Die leerders het ook kans gekry om hul algemene kennis te toets by die vasvra. Verskillende musiekgroepe het hul beste liedjies by die Koppekap gesing en die toekomstige musikante het behoorlik gewys wat in hulle steek. Ons het egter ook wél gesien hoekom almal nie op 'n verhoog toegelaat moet word nie ...

Teen die einde van die drie weke was dit duidelik – die Artes is voorwaar 'n hoogtepunt op ons skoolkalender. Dit is 'n geleentheid wat leerders bymekaar bring, hulle opnuut weer laat lag en selfs 'n paar versteekte talente die lig laat sien.



Zander van der Merwe, Nathan Pucjowski en Hannes Roos



Sebastian Lombard en Reinhardt Schoeman



Stephan Kloppe, Kaydin de Jager en CG Wessels



Carl Ridgard, Gawie de Kock en Wium van Niekerk

Die 106-jaar-matrieks vier fees by **matriek-afskeid**



Dylan Duffy en Chinelle Theron

Vanjaar se matrieks en hulle pragtige metgeselle het op 1 Oktober hul afskeid by Colosseum Reale gehou. "Ons het die geleentheid gehad om te dans, lekker te eet en om tydens dié spesiale geleentheid ook kwaliteitsyd saam met vriende te spandeer," sê Christiaan Brits (*Stroom-op* se vorige redakteur). "Soos in die verlede het die graad 11-manne die gaste verwelkom en as gashere opgetree."



Lisa Ferreira en Tiaan Gouws

Foto: Stephen Keet Fotografie

LAG MET 'N TRAAN

"Die Gas" ryg die pryse in



Erich Pieterse, Sebastian Henning en Markus Kruger

Cobus Verster

Affies se tragi-komedie, "Die Gas" het gehore vanjaar op 'n wonderlike reis geneem en het op die koop toe by twee kompetisies die pryse ingeryg.

"Die Gas" is op 19 September as nasionale wenner by Aardklop Pronkpodium aangewys en het goud verower vir ensemble-

spel, individuele spel (Erich Pieterse en Divan Brits), klankontwerp (me. Maren Böhmer), vir regie (me. Ronèl de Beer, me. Zydra Hattingh en mnr. James Thom) en vir teks (mnr. Robert Kruger en Karel Stander.) Divan Brits het ook met die Pali-prys weggestap, wat 'n beurs van R90 000 per jaar by Pali Incubation, een van Suid-Afrika se

voorstreke, insluit.

Tydens die ATKV Tiener-toneel wat vroeër in die tweede kwartaal plaasgevind het, was AHS een van slegs twee skole uit die dertig wat na die streeksfinale deurgedring het. Hulle was tweede na Hoërskool Noord-heuwel. Die Affie-toneelgroep het by die finale goud verwerf vir produksie. Erich Pieterse verwerf egter die toekenning vir beste akteur in 'n hoofrol en Luan Nabal wen die prys vir beste akteur in 'n ondersteunende rol. Arlo Espach word op sy beurt aangewys as beste verhoogbestuurder. Die produksie is ook genomineer vir beste hantering van tegniese aspekte en beste regie.

Volgens Divan lê die groep se sukses grootliks in die manier waarop hulle mekaar aanvaar. Dié kultuur gee aan elke lid die ruimte om sy beste te lewer en dit is uiteindelik duidelik op die verhoog.

Divan glo dat die groep ook iets nog gróter kan bereik: om die trots en grootsheid wat eens aan Affie-toneel gekoppel is, terug te bring. As 'n mens na vanjaar se resultate kyk, lyk dit asof Affie-toneel steeds in die kollig is.



Méér as net 'n *koortoe*!



Op die boot in Houtbaai

Ettiene Breytenbach

Die Affie-koor het in die eerste week van Augustus Kaap toe gereis vir die ATKV-finaal, vol hoop en energie. Op die verhoog van die Kaapstad Stadsaal het hulle álles gegee, maar uiteindelik het Paul Roos Gimnasium met die laaste noot (en 'n koerant in die hand), die oorwinning behaal.

Gelukkig gaan 'n koortoe nie net oor wat op die verhoog gebeur nie. Tussen die oefeninge, optredes en die spanning van die finale deur, was daar genoeg tyd om die Kaap behóórlik te ervaar. Die Waterfront

is verken, vele Instagram-foto's is geneem en daar is 'n bietjie gesosialiseer met die dames oorkant die pad, wat óók vir die kompetisie in die Kaap was.

En natuurlik kan 'n groep tienerseuns nie vir 'n paar dae Kaap toe gaan sonder om die plaaslike kos op die proef te stel nie. Van groot restaurante tot klein eetplekkies, elke ete was 'n avontuur op sy eie. Een van die hoogtepunte was waarskynlik die optrede vir 'n baie "gelukkige gehoor" in Kapstadt Brauhaus, waar die

koor geesdriftig toegejuig is.

Die Rooidasse het ook voor hul terugkeer 'n draai by die Panorama Palms Aftreeoord gemaak, waar hulle, soos vorige jare, weer baie vreugde met hul sang verskaf het.

Die hele ervaring was 'n mengsel van harde werk, kultuur, vriendskap en pure pret. Uiteindelik het die koor nie met die ATKV-trofee teruggekeer nie, maar wél met 'n skatkis vol herinneringe en stories wat waarskynlik baie langer as die uitslag van die finale gaan oorleef.



Affie-orkeste skitter by AKV-kunswedstryd

Die Konsertorkes, strykkorke, kitaarorke en die swing-ensemble het op 5 September aan die Afrikaanse Kultuurvereniging se kunswedstryd deelgeneem en uitstekend gevaar. Al vier groepe het 'n A++ verwerf. Die beoordelaar was die bekende tjellis, mnr. Carel Henn. Op die foto onder is die strykkorke, onder leiding van me. Carmi Viljoen, wat uiteindelik as algehele wenner van die orkesafdeling aangewys is.



Nieko kry hoogste erkenning by Voortrekkers

Frederick Roux

Nieko Liebenberg (graad 12) het onlangs die Presidentsverkenner Nasionale Leierskaps-toekenning verwerf. Dit is die hoogste eerbewys wat in die Voortrekkers toegeken word.

Nieko is reeds van laerskool af deel van die Voortrekkers en het deel uitgemaak van die Suiderkruis Kommando.



Lentekonsert bied weer optree-geleentheid aan musikante

'n Groep jong Affie-musikante het vroeg in September tydens die Lentekonsert die geleentheid gekry om hul talent ten toon te stel. Dié besonderse geleentheid is in die Ben Schoeman-ouditorium aangebied. "As gevolg van die slegte weer was ook die onthaal hierdie keer in die ouditorium, wat uiteindelik toe baie gesellig was," sê mnr. Arnold Cloete (hoof: Kultuur) van dié suksesvolle aand.



VIERSKOLE - 'N GELEENTHEID VIR EGTE SAMESYN



Foto: Martin Short Photography

Samuel Robertson

Na 'n veeleisende toetstreeks, die matrieks se rekordeksamen en die gebruikelike gestoei vir kaartjies het die tyd vir Vierskole uiteindelik aangebreek. Vanjaar was die geleentheid egter besonder spesiaal, aangesien dit deel gevorm het van Pretoria Boys High School

se 125-jaarfieringe. Met die geesdrif en treffende musiek het die vier skole die geleentheid gekry om 'n jarelange tradisie voort te sit, om hul liefde vir musiek te deel, nuwe vriendskappe te smee en bestaande bande te versterk.



IS JY 'N HOENDER OF 'N AREND?

Marinus Venter

"Is jy 'n hoender, of is jy 'n Arend?" was die vraag wat oom Marius Ferreira, die eienaar van die Warthog Inn, aan die sowat 260 graad 11-leerders op die tweede dag van die jaarlikse avontuurkamp gevra het. Tussen al die opwindende spanbou-aktiwiteite deur was dit juis hiërdie vraag wat sou dien as die tema van die kamp: "Is jy iemand wat die groep volg of is jy iemand wat die regte pad stap, selfs al stap jy alleen?"

Die manne is tydens die kamp in drie groepe verdeel en afgesien daarvan dat hulle 'n volle drie dae se akademiese werk kon vryspring, het hulle ook deur modder gekruip, 'n span-embleem ontwerp, 'n hindernisbaan kafdraf, kaskarre gestoot, boeresport gedoen en mekaar in draagbare rondgedra. Elke oomblik op die kamp was opwindend en

selfs die kos was eintlik heel smaaklik. (Die koffie kon dalk wel doen met so 'n bietjie minder suiker!)

Oom Marius se aanbieding was natuurlik ook nie die enigste een op die kamp nie. Quinn Pollard (graad 11) het die manne meer insig gegee in hoe die brein van 'n outitiese persoon funksioneer en mnr. Nico Venter het die graad-groep in sy aanbieding daarop voorberei om die aflostok volgende jaar by die matrieks oor te neem en praktiese wenke gegee oor hoe om Affies te lei.

Die kamp was veel meer as net 'n spul aktiwiteite om die graad 11's nader aan mekaar te bring – dit het gedien as voorbereiding om volgende jaar as leiers van die skool op te tree en om te bou op die nalatenskap van die jaar-groepe voor hulle. Die einddoel is om Affies nóg beter te laat as wat hulle dit gekry het.



Vrolike *Wildsfees* weer terug op Affie-terrein



Hein Barnard

Die Wildsfees is in 2026 vir die 32ste keer aangebied en het nie teleurgestel nie. Na twee jaar op Loftus kon besoekers vanjaar weer hier op AHS se

terrein saamkuier en natuurlik kon almal hulleself sommer ook knuppeldik eet aan al die lekkernye. Besoekers was stomgeslaan deur die reusepretpark wat groot aftrek onder die jonges gekry het. Ricus Nel, Adam Tas en Die Piesangskille was

die gaskunstenaars en het die wonderlike gees nóg verder verbeter.

Elke persoon wat deel was van die pret kan met eerlikheid antwoord dat 2026 se Wildsfees een van die beste nóg was.



Met jou *voete* kan jy help!



Met Kaalvoetdag op 2 September is daar 'n stewige bedrag vir Bramley Kinderhuis ingesamel. Van links op die foto is Patrick Leahy, Sybrand van Dyk, Divan Jansen van Rensburg, Luka Joubert, Maritz Cronjé, Sebastian Wolff, Hendrico Vermaak en Pieter Kleynhans (almal in graad 8).



SES GOEIE GRAPPE

Hardus Ferreira

1. MNR. JOYNT HET GESÊ ONS BEGIN IN JUNIE BRUGBOU. Hy het net nie die jaar gesê nie.
2. WAT ROOK JY AS JY IN AFFIES WAS? 'n Joynt.
3. HOE WEET JY JY IS IN DIE MOEILIKHEID? Jou Afrikaanse juffrou begin Duits praat.
4. HOE MAAK JY 'N DIRIGENT? Jy laat hom op sy kop val as hy klein is.
5. WAT IS 'N "DAILY"? 'n Koshuisbrak wat nie plek gekry het nie.
6. HOE WEET JY AFFIES HET DIE MEESTE DIEPTE? Ons wen die Chinese skool in tafeltennis.

EN MY NAAM IS ...

Dink jy jy het die beste bynaam?

Hardus Ferreira

Skandeer die QR-kode en verduidelik (voor 30 Oktober) waarom jôu bynaam die beste is, en wen 'n 1920-geskenkbewys.



KOSHUIS-DORP!!!!

Die Koshuis-Dorp-winter-sportkragmetings het middel Augustus plaasgevind. Koshuis het Dorp met 32-19 in rugby verslaan, maar moes die knie buig in hokkie, waar hulle 0-4 teen Dorp die onderspit gedelf het. Tydens die skaakwedstryde op 19 Augustus het Koshuis weer geseëvier met 16 teenoor Dorp se 14 punte.

Kort na die Septembervakansie

het die twee "vyande" mekaar wêr die stryd aangesê – hierdie keer in krieket en waterpolo. Voor 'n baie luidrugtige skare wen Dorp die krieketwedstryd met twee paaltjies. Die waterpolowedstryd was besonder spannend en met drie van die vier kwarte verby, was die telling 5 elk. Dorp kon egter daarin slaag om Koshuis met 7-5 te verslaan.



Koshuis en Dorp het mekaar stewig op die rugbyveld vasgevat.

Onderwyser-blokkiesraaisel


Skryf slegs die onderwyser se van neer.

HORISONTAAL

3. Pappa Smurf
5. Kwagga het saam met hom rugby gespeel.
7. Wie se ma?
8. Leprechaun
10. Oh _____ of Affies

VERTIKAAL

1. Hou bietjie baie van Brad Pitt
2. Juan-Claude _____
4. _____ is weer los
6. van die kerk
9. Sjoë Maatjies



Antwoorde op bladsy 9

deur Hardus Ferreira

AFFIE-SPELE IS NIÉ SPELETJIES NIE!



Markus Davel



Sarel van der Merwe



Willem Greeff

Tristan Joubert

Die Affie-spele was vanjaar weer 'n dag gevul met atletiek, kompetisie en natuurlik Affie-gees. Leerders het die geleentheid gekry om vir hul klas en graad mee te ding en hul beste op die atletiekbaan te gee.

Van vroeg af was daar energie in die lug.

Leerders het hul klas- en graadkleure met trots gedra, terwyl die pawiljoene vol was van klasmaats wat hul atletiekvriende luidkeels aangemoedig het. Die groot verskeidenheid atletiekitems het dwarsdeur die dag vir spannende kompetisie gesorg. Van die baan tot die velde het leerders alles gegee om punte vir hul klas en graad in te oes, terwyl die ondersteuning van hul klasmaats

die Affie-gees op die baan verder aangevuur het.

Die Affie-spele is beslis meer as net 'n dag waarop die vinnigste, sterkste of beste atlete uitstaan. Dit is 'n dag waarop die hele skool deelneem, ondersteun en saam meeding.



Dis wonderlik om jou weer te sien!!



Stian du Plessis

Op 7 Augustus het daar weer iets besonder op die Affie-terrein gebeur. Oud-Affies van verskillende generasies het weer net voor die kragmeting teen Pretoria Boys High vir die massareünie deur die skoolhekke gestap. Vir sommige was dit net 'n paar jaar vandat hulle matriek geskryf het. Vir ander was dit dekades. Prof. Frans-Johan Pretorius (matriek 1966) en drie van sy standaard 6'e wat in 1970 gematrikuleer het – dr. Pierre Edwards, mnr. Francois Deysel en

mnr. Rodney Seale – was van die oudste oud-Affies wat opgedaag het.

Die dag het begin met 'n geestelike boodskap deur mnr. John Jones (matriek 1996) waarna die Affie-“Drumline” die energie opgejaag het. Mnr. Poon du Plessis (matriek 1986) het daarna 'n praatjie oor kunsmatige intelligensie gelewer. Met Vrouedag om die draai het mnr. Joynt ook die bydrae van vroue tot die skool se geskiedenis beklemtoon.

Die program is afgesluit met iets wat waarskynlik

vir elke oud-Affie bekend gevoel het: Die Affie-kreet wat weer oor die skoolgrond weergalm het.

Dit is maklik om te dink dat 'n mens se skooldae eindig wanneer die matriekbaadjie uitgetrek word. Die massareünie het egter gewys dat dit nie heeltemal so werk nie. Dekades later kom Affies steeds terug na dieselfde plek. Nie omdat hulle moet nie, maar omdat iets van hierdie skool hulle bygebly het.



LANDLOPERS TWEEDE BY NOORDVAAL

Braden Koegelenberg

Affies se landloopspan het in 2026 weer gewys dat harde werk en deursettingsvermoë vrugte afwerp. Die atlete het gedurende die seisoen aan

verskeie AGN-ligabyeenkomste deelgeneem en hulself teen van die beste skole in Gauteng gemeet.

Die groot hoogtepunt van die jaar was egter die Noordvaalbyeenkoms, waar die senior span geskiedenis gemaak het deur 'n uitstekende tweede plek te behaal. Die prestasie is 'n bewys van die span se harde werk, toewyding en sterk spanpoging regdeur die seisoen.

Die AGN-kampioenskap was nóg 'n belangrike geleent-

heid waar die Affie-atlete teen sterk kompetisie meegeding het. Landloop verg nie net spoed nie, maar ook dissipline, uithouvermoë en deursettingsvermoë – eienskappe wat die Affies gedurende die 2026-seisoen ten volle getoon het.

Met 'n geskiedkundige tweede plek by Noordvaal en 'n seisoen vol harde oefening en goeie wedlope het Affie-landloop in 2026 nuwe hoogtes bereik.



Een van die belangrikste voorbereidingsgeleenthede was die span se oefenkamp in Dullstroom, waar die atlete hard gewerk het aan hul fiksheid, uithouvermoë en wedlooptempo. Die uitdagende terrein het die span behoorlik getoets en hulle voorberei vir die groot byeenkomste later in die seisoen.



'n Vrolike span! Van links op die foto is Duanne Vermeulen, Stefan Kleijnhans, Arno Jordaan en Stefan Rall.

AFFIE-GHOLFDAG bring óók vriende bymekaar

Die Affie-gholfdag het vanjaar op 8 Oktober by die Silver Lakes Golfbaan plaasgevind en was soos altyd 'n vrolike en gesellige geleentheid. Die fondse wat ingesamel is, is ten bate van die Affie 100 Fonds Trust en die Oud-Affiebond.



KORTLIKS

● **Janco Smit** (matriek 2019) en Schalk Engelbrecht (matriek 2021) was deel van Krieket Suid-Afrika se opkomende mansspan wat in Augustus teen die opkomende mansspan van Bangladesh kragte gemeet het.



● **Oud-Regter Eberhart Bertelsman** (matriek 1964) is op 31 Julie oorlede. Hy was sedert 2017 as stigterslid en trustee van die Affie 100 Fonds Trust by die skool betrokke en het vir agt jaar 'n waardevolle bydrae tot die Affie-gemeenskap gelewer voordat hy in 2025 uitgetree het.

ANTWOORDE

Blokkiesraaisel (bl. 7)

Hardus Ferreira

HORISONTAAL

3. Grabie
5. Deale
7. Geertsema
8. De Beer
10. Pauer

VERTIKAAL

1. Beumont
2. Tribelhorn
4. De Vos
6. Van Niekerk
9. Hartzenberg

Nie nét seekoeie kan *swem* nie

Willem Badenhorst

2026 was 'n gróót jaar vir waterpolo by AHS. Drie Affies is gekies vir die SA Skole o.18-span en een vir SA Skole o.17's. Die eerste span het ook geskiedenis gemaak deur vir die eerste keer die tweede plek op die Suid-Afrikaanse

skolewaterpoloranglys te bereik – 'n reuseverbetering van hul vorige beste, 'n agtste plek.

Die o.14A's, o.15A's en eerste span het die seisoen by onderskeidelik Rondebosch, Wynberg en Clifton afgesluit. Die eerste span het die beste gevaar en vierde

uit 16 spanne by Clifton geëindig nadat hulle SACS in 'n taai kwarteindstryd geklop het.

Met vier SA Skole-spelers en 'n geskiedkundige tweede plek op die nasionale ranglys, was 2026 'n waterpoloseisoen wat Affies nie gou sal vergeet nie.



'N AFFIE *SKIET* NIE MIS NIE



oog natuurlik op die teiken – hoewel daar glo ook 'n paar ander “teikens” tussen die deelnemers was wat sy aandag probeer steel het.

Buiten vir die kompetisie-ervaring het Armand ook waardevolle raad van Olimpiese boogskutters ontvang en meer geleer oor tegniek, voorbereiding en hoe om te bly fokus onder druk. “Ek het beslis met nuwe motivering en 'n beter begrip van internasionale boogskiet huis toe gekom,” sê hy. “Om Suid-Afrika te verteenwoordig, was vir my 'n groot voorreg en 'n ervaring wat en nie maklik sal vergeet nie.”



Ons eie *Robin Hood* neem internasionaal deel

Ron An

Terwyl die meeste Affies se grootste uitdaging in Augustus was om deur die toetsreeks te kom, het Armand Vivier (graad 11) sy pyl en boog ingepak en Suid-Afrika

in Suid-Korea gaan verteenwoordig. Hy het van 10 tot 14 Augustus aan die 2026 World Archery KAA Youth Invitational in Incheon deelgeneem.

Armand het in die o.21 Mans Saamgestelde Boogafdeling

(Compound) 'n nuwe persoonlike beste van 690 uit 720 behaal. Hy het agtste in die individuele kompetisie geëindig, terwyl die Suid-Afrikaanse span sewende geëindig het. Op die baan was sy

SKAAKMAT O.15's beste in Gauteng

Willem Badenhorst

Die Affie-skaakspelers het hierdie kwartaal gewys dat hulle nie net goed kan dink nie, maar ook weet wanneer om die regte skuif te maak. Die o.19A- en o.15A-span het op 29 Augustus in Benoni aan die Gauteng Topskole Skaak-kampioenskap deelgeneem en uitstekend gevaar. Die o.15A's was die kampioen in hul afde-

ling, terwyl die o.19A's negende uit die 32 deelnemende spanne geëindig het. By die Tshwane-Suid D4-hoërskoleliga wat vroeër plaasgevind het, het albei spanne hiervoor gekwalifiseer nadat hulle as 2026 se D4-ligawenners gekroon is. Die seisoen is op 17 September met die Affie-interne kampioenskap afgesluit. Van die 23 spelers het Robert Botha (graad 9) derde,



Joshua Haupt (graad 8) tweede en Alexander Feuth (graad 10) eerste geëindig. Alexander was ook die enigste speler wat die hele toernooi onoorwonne voltooi het. 'n Paar goeie skuiwe later spog Affies dus met twee ligatitels, 'n Gauteng-kampioen en 'n onoorwonne interne kampioen.



Die o.15-Gauteng-kampioene. Van links is Joshua Haupt, Robert Botha, Matthew McPhail, Tertius Jonker, Reinhardt Boshoff, Michael Bain en mnr. Heinco du Plessis (afripter).

KORTLIKS

• Twee van die skool se beste golfspelers is by die Gauteng-Noord IPT-uitdaagspan ingesluit. **Nathan Palmer** en **Franco Els** (albei in matriek) het van 15 tot 17 September by die Kambaku Golfklub in

Komatipoort aan die interprovinsiale toernooi deelgeneem. Oud-Affie Tobias de Flamingh (matriek 2020) was kaptein van dié span.

• **André Pretorius** (graad 11/ o.17) het Suid-Afrika vanaf 31 Augustus tot 3 September by die COSSASA-spele in Bulawayo, Zimbabwe, verteen-

woordig en eindig derde teen atlete van Zimbabwe, Botswana, Namibië, Lesotho en Swaziland.

• **Dandré Brink** (graad 11) is by die Suid-Afrikaanse Sewespan ingesluit wat vanaf 31 Oktober aan die Somer Jeug Olimpiese Spele in Dakar, Senegal gaan deelneem.

Affies wys die *Souties* wie's baas!



Zéann Marais

Braden Koegelenberg

Vir die eerste keer sedert 2023 het al Affies se A-hokkiespanne daarin geslaag om Pretoria Boys High te klop – 'n prestasie wat wys dat Affies se hokkieprogram nie meer net belówend is nie, maar besig is om sy plek onder die bestes in te neem.

Die eerste span het die PTA Cup gewen, terwyl die o.16A- en o.14A-span albei tweede geëindig het. Veral die o.16A-eindstryd was 'n harde, spannende wedstryd wat tot die einde toe na enige kant toe kon gaan.

Ook op individuele vlak het die Affie-hokkie-spelers presteer. Kean Cornelissen (graad 11) is as onderkaptein van die Suid-Afrikaanse o.17-span aangewys en Rudolph Thiar (graad 12), is vir die Suid-Afrikaanse o.18-seunspan gekies.

Met sterk spanprestasies én spelers wat op nasionale vlak begin uitstaan, lyk dit asof Affies se hokkie net één rigting ken – vorentoe!



Kean Cornelissen (graad 11)



Rudolph Thiar (graad 12)

Foto: Billy Brown

Fietryers provinsiale weners en op podium by nasionale byeenkoms

Affie-fietsry boer jaarliks vooruit met nie minder nie as twaalf fietsryers wat van 1 tot 3 Oktober aan SA Skole Fietsry se nasionale finaal by die Coetzenburg sportkompleks in Stellenbosch deelgeneem het. Met 'n verskil van slegs twintig punte eindig Affies derde ná Paul Roos (tweede) en Paarl Boys High (eerste).

Jaco du Bruyn (o.17) en Christiaan Moolman (o.14) behaal eerste plekke in sowel die Skole- en Provinsiale wedrenne en word as Suid-Afrikaanse kampioene gekroon.

AHS het die Gauteng Skolereeks vanjaar vir die vyfde agtereenvolgende jaar gewen, terwyl nóg 'n span van Affies in die sesde plek geëindig het. Albei spanne het dus só deurgedring na die nasionale finaal.

Volgens mnr. Tobias Lubbe (organiseerder) het die seuns ware karakter en deurstellingsvermoë getoon – selfs in tye wat alles nie volgens plan verloop het nie. “Fietsry is baie soos die regte lewens gebeur daar iets waaroor jy

nie beheer het nie.

Die wedren is nooit verby nie, so moet nooit eers dink aan opgee nie.”

● Justin Deyzel in graad 12 (voorbladfoto) het Suid-Afrika van 13 tot 18 Oktober in die Enduro MTB-kategorie by die UCI Wêreldkampioenskap in Italië verteenwoordig. Hy verteenwoordig ook Gauteng Skole MTB tydens die SA Skole Nasionale Finaal. Die ander Affie-ryers wat provinsiale kleure verwerf het, is Jaco du Bruyn en Daimon Batteson.



Leo Pienaar



Affies se span by SA Skole Nasionale Finaal, Stellenbosch. Van links is Christian Moolman, Daimon Batteson, Tiaan Lemmens, Liam Labuschagne, Dylan Kohlmeyer, William Pienaar, Pepler Engelbrecht, Justin Deyzel, Sebastian Brits, Leo Pienaar en Christiaan Ross.



Jaco du Bruyn



Christiaan Moolman

Affies **ABSOLUT** die oorwinnaars

Ron-An

Affies se A-tennisspan het in Augustus behóórlík op die tennisbaan uitgeblyk deur die 2026 Absolut Menlo-toernooi te wen en as die uiteindelijke weners gekroon te word.

Affies het met 'n A- en B-span aan die toernooi deelgeneem en albei spanne het uitstekend gevaar. Die A-span het deurgaans goeie tennis gespeel en hul plek in die finaal verseker, terwyl die B-span tot die halfeindstryd gevorder het, waar hulle teen

die A-span moes meeding. In 'n ware Affies-teen-Affies-stryd om 'n plek in die finaal te verseker, het die A-span uiteindelik met 4-3 geseëvier, wat die B-span se toernooi tot 'n einde gebring het.

In die finaal het die A-span teen Menlopark te staan gekom en met 'n oortuigende 4-0-oorwinning die titel verseker. Met die A-span wat eerste geëindig het en die B-span wat 'n sterk derde plek behaal het, het Affies gewys dat daar werklik tennisdiepte by die skool is.



AFFIE-GHOLF SLAAN GROOT HOUE IN 2026

Braden Koegelenberg

Affies se gholfspanne het in 2026 weer gewys waarom die skool se gholfprogram onder die bestes in Suid-Afrika is. Die jaar het goed begin met die Affie Gholfrees waar 13 skole aan die vierdaagse toernooi deelgeneem het. Affies se uitnodigingspan het 'n goeie vierde plek behaal.

Een van die hoogtepunte van die seisoen was die Grey High Junior Golf Festival in Gqeberha. Affies het met twee junior spanne aan die toernooi deelgeneem, en die AHS A-span het die toernooi



Van links op die foto is Albie Nel, Christiaan Coetzee, Manu Bolton, Fourie du Preez, Henru van Staden, Luan Coetzee, Franko Julyan, Markus Dafel, Nikolas Smit, Meyer Smit, Jan Morgan en Armand Cillie.

gewen. Grey High het tweede geëindig. Die prestasie is 'n hoogtepunt vir Affie-gholf en wys die diepte van talent binne die program.

By die Affie Gholfkampioenskap het Nathan Palmer ook

uitgeblyk deur die algehele kampioenskap met 'n indrukwekkende 69, 3 onder baansyfer, te wen.

Die Affies het verder aan die Woodlands Junior Masters deelgeneem, waar die

spelers goeie individuele uitslae behaal het.

Met groot toernooie, spanprestasies en nuwe talent wat ontluk, het Affie-gholf in 2026 weer nuwe hoogtes bereik.



AHS se eie **kanonkolf** stel nuwe rekord op

Die eerste span se aanvangskolwer, Vihan Pretorius (foto regs), het onlangs 'n nuwe Affie-rekord opgestel in die 50-beurtformaat met 'n skitterbeurt van 241 nie uit nie teen Hoërskool Garsfontein.

Vihan se telling het van 142 aflewings gekom en het 12 sesse en 22 viere ingesluit.

Hierdie kolfbeurt het Affies se vorige individuele rekordtelling vir

die eerste span van 240 lopies, wat in 2024 deur Jorich van Schalkwyk teen Cornwall Hill College opgestel is, met 'n enkele lopies oorskry. Voor Jorich se groot telling was AB de Villiers se 2002-telling van 186 lopies teen Pretoria Bys High die rekord.

● 'n Volle 20 AHS-krieketspelers het ook onlangs hul provinsiale kleure verwerf – 'n nuwe rekord vir Affies.



Foto: Billy Brown